

Dinsdag 15 Mei

Skrifgedeelte: 3 Johannes :1-4

Fokusgedeelte: 1 Johannes :3

## Trou aan die waarheid in leer en lewe

Johannes se liefde vir Gaius is duidelik in sy openingswoorde in hierdie kort briefie. Hierdie liefde is egter nie maar 'n soetsappige emosionele verklaring nie, maar gegrond op die waarheid van die Christelike geloof. Die waarheid is 'n belangrike tema in hierdie brief – daar word sewe keer daarna verwys.

Johannes is dankbaar oor Gaius se geestelike gesondheid. Hy het berig ontvang dat hy getrou is aan die waarheid. Hy was getrou in wat hy glo, maar ook getrou in hoe hy die waarheid geleef het. In leer en lewe was Gaius aanbevelingswaardig, lofwaardig en begin-selvas. Om in die waarheid te lewe, beteken om jou lewe aan die waarheid toe te wy. Dit wat jy bely, moet daad word. Die evangelie van Jesus Christus moet geleef word.

Die getuienis oor Gaius se getrouheid aan die waarheid en die uitleef van hierdie waarheid vervul Johannes met baie blydschap. Dit wat hy geleer het, leef hy. Jesus verklaar dat iemand wat honger en dors na wat reg is, geseënd is (Matt. 5:6). Daarin lê die doel en vreugde van die lewe. Daar is 'n begeerte na God. Daar is 'n bevrediging in God. Jy vind jou regverdiging by God. Die sin en die doel van die lewe lê dus daarin dat jy God vrees en sy gebooe gehoorsaam. Getrou aan die waarheid in leer en lewe.  
*Sing: Skrifberyming 15-5:4, 5*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*